


HOOFSTUK 5

Die Evaluering van Vlak 1: Reaksie



Die hoofstuk is soos volg uiteengesit: die evaluering van vlak 1: reaksie word bespreek deur na die belangrikheid van die meting van reaksie te verwys, asook riglyne en dit wat bepaal moet word. Reaksievorms en hoe dit aangewend kan word, word beskryf. Alternatiewe metodes vir die evaluering van vlak 1: reaksie word ook voorgestel. Die leerders se reaksie op elke onderrigleeraktiwiteit word deur 'n opsomming van die reaksievorms en die leerders se opmerkings en voorstelle toegelig. Alternatiewe metodes waaraan die leerders se reaksies gemeet kan word, word daarna beskryf.

5.1 INLEIDING

Hierdie afdeling sal fokus op die redes wat Kirkpatrick vir die evaluering van reaksie aanvoer. Riglyne vir die evaluering van reaksie sal kortliks bespreek word. Reaksievorms en hoe dit in hierdie studie gebruik is, sal daarna beskryf word. Voorbeelde vir alternatiewe metodes vir die evaluering van reaksie sal voorgestel word.

Verskeie metodes kan aangewend word om reaksies van individue te evalueer. Opvoeders doen dit daaglik in die klaskamer deur middel van verskillende assesseringmetodes. Restauranteienaars plaas byvoorbeeld 'n vorm by 'n rekening waarop tevredenheid met die kos of diens aangedui kan word. Hierdie tipe evaluering vind ook byval in ander professionele dienste soos by mediese spreekkamers of werktuigkundige dienste. Kirkpatrick (1998:19) vergelyk die meet van reaksie met dié van kliënte-tevredenheid. Die riglyne wat Kirkpatrick gee, is hoofsaaklik van toepassing op die besigheidswêreld, maar kan ook in 'n akademiese omgewing aangewend word.

Dit is belangrik dat leerders positief reageer op opleiding ten einde die effektiwiteit daarvan te verseker. Alhoewel 'n positiewe reaksie nie 'n waarborg is dat leer plaasvind nie, kan 'n negatiewe reaksie die moontlikheid van leer verminder (Winfrey, 1999:1). Kirkpatrick (1998:25) beweer dat leerders se motivering afhang van 'n positiewe reaksie. Hulle reaksies het 'n invloed op ander leerders en die koördineerders van die program. Die leerders kan dalk besluit om nie meer met die projek voort te gaan nie. Die koördineerders kan ook die program aanpas om by die leerders se behoeftes aan te sluit. Kirkpatrick (1998:25) voer die volgende redes vir die belangrikheid van die meting van reaksie aan:

- Dit gee waardevolle terugvoer om te help om die program te evalueer, sowel as opmerkings en voorstelle vir die verbetering van die program in die toekoms.
- Dit gee die boodskap deur aan leerders dat die opvoeders daar is om hulle te help om beter te presteer en dat die opvoeders terugvoer nodig het om hul eie effektiwiteit te meet.
- Reaksievorms kan kwantitatiewe data oplewer wat aan die bestuur van die program deurgegee kan word.
- Reaksievorms kan kwantitatiewe data weergee wat aangewend kan word om die standaard van die program te bepaal.

Die evaluering van reaksie poog om antwoorde te verkry oor die persepsies van die leerders aangaande die program (Winfrey, 1999:1).

5.1.1 Riglyne vir die evaluering van reaksie

Die volgende riglyne word vir die evaluering van reaksie daargestel (Kirkpatrick, 1998:26-38; Kirkpatrick & Kirkpatrick, 2005:5):

- Bepaal wat uitgevind moet word.
- Ontwerp 'n vorm wat die reaksies kan kwantifiseer.
- Moedig geskrewe opmerkings en voorstelle aan.
- Mik vir 100% onmiddellike terugvoer.

5.1.2 Bepaal wat uitgevind moet word

Dit is belangrik om terugvoering te ontvang oor die program sowel as oor die aanbieders daarvan. Verder kan die reaksie op die volgende aspekte ook 'n waardevolle bydrae lewer:

- die fasiliteite (ligging, gerieflikheid, geskiktheid, en so meer);
- verversings (hoeveelheid en kwaliteit daarvan);
- die skedule (tyd, lengte van die program, pouses);

- oefeninge;
- onderrigmateriaal; en
- uitdeeltukke.

5.1.3 Vorm wat die reaksies kan kwantifiseer

Reaksievorms is 'n gestandaardiseerde wyse waarop reaksie geëvalueer kan word. Die reaksievorms wat gebruik word vir die evaluering daarvan word gewoonlik *happiness sheets* genoem (Kirkpatrick, 1998:25). Hierdie vorms kan na afloop van die program (of kontakssessie/projek) afgeneem word of reaksie kan ook deur die loop van die opleiding geëvalueer word. Sodoende kan aanpassings deurentyd gemaak word (Kirkpatrick & Kirkpatrick, 2005:60). Figuur 5-1 is 'n voorbeeld van 'n reaksievorm (*happiness sheet*) wat gebruik is in die evaluering van leerders se reaksie in die *Musicianship*-subprojek (kyk Bylae B om die volledige stel reaksievorms te besigtig). Die leerders het die toepaslike gesiggie gemerk en kon kommentaar lewer oor die spesifieke onderwerp.

LISTENING SKILLS

Dear learner,

We would like your feedback on the listening skills class of the *Musicianship*-project.

Please tick the face that is most indicative of your feelings:

1. How do you feel about the room you had listening skills in?





.....

.....

Figuur 5-1: Voorbeeld van 'n reaksievorm

Die gesiggies is gebruik omdat dit so eenvoudig is vir leerders om te kies en aan te dui. Die volgende trefwoorde kan met die betrokke gesiggie geassosieer word:

- 😊 positief, gelukkig, goed, gunstig, tevrede, lekker, instemmend, aangenaam, goedgesind;
- 😐 neutraal, onpartydig, redelik, onsydig;
- ☹️ negatiewe woorde soos ongelukkig, ontevrede, ongunstig;
- 😬 geen kommentaar.

Indien 'n leerder nie een van die gesiggies gemerk het nie, is dit in die tabel en op die grafiek deur 'n gesiggie sonder 'n mond (☹) aangedui. Die leerders se reaksies vir elke afdeling of aspek is bymekaargetel en verdere afleidings is gemaak.

Die reaksievorms wat gebruik is in die evaluering van die *Musicianship*-projek het telkens gefokus op die vyf onderrigleeraktiwiteite in die projek. In elkeen van hierdie onderrigleeraktiwiteite is die lokaal wat hiervoor gebruik is, die opvoeder wat by die afdeling betrokke was, sowel as die leeraktiwiteite wat in die afdeling aangebied is, geëvalueer.

5.1.4 Geskrewe opmerkings en voorstelle

Die leerders in die *Musicianship*-subprojek se skryfvaardighede is beperk. Daar kan verskeie redes hiervoor aangevoer word, byvoorbeeld dat Engels hulle tweede taal is en hulle dit moeilik vind om hulleself daarin uit te druk. *Oop* vrae is om hierdie rede vermy. Daar is wel geleentheid gegee vir leerders met voldoende skryfvaardighede om hulle voorstelle en kommentaar te lewer.

5.1.5 Terugvoer

Deur die opvoeder se waarneming in die klassituasie kon onmiddellike terugvoer op leerders se reaksie verkry word. Die opvoeder kon gevolglik onmiddellik aanpassings maak, waar nodig.

Tien leerders het telkens die reaksievorms vir die onderrigleeraktiwiteite voltooi. Die leerders se reaksie op die lokaal, die opvoeder, onderrigleeraktiwiteite (in die algemeen) en 'n keuse van ongeveer tien leeraktiwiteite is geëvalueer. Die terugvoer van die leerders is eerstens opgesom in tabelvorm. Elke tabel dui die leerders se reaksies (op bogenoemde aspekte) aan. Slegs 'n samevatting van die leerders se opmerkings word beskryf. Die leerders se volledige kommentaar en voorstelle kan in Bylae C besigtig word. Alternatiewe wyses van evaluering van vlak 1: reaksie word ook bespreek. Die materiaal bestaan hoofsaaklik uit beeldmateriaal en foto's. In die foto's word die leerders se oë bedek om hulle identiteit te beskerm. Die beeldmateriaal se gehalte is om hierdie rede ook gewysig en slegs die buitelyne van die leerders is sigbaar (kyk Bylae D). Die evaluering van vlak 1: reaksie op die vyf onderrigleeraktiwiteite word nou bespreek.

5.2 EVALUERING: AKTIEWE MUSIEKBELUISTERING

In die eerste afdeling word aktiewe musiekbeluistering geëvalueer. Soos in hoofstuk 2 (kyk 2.6.1.1.) verduidelik is, was hierdie onderrigleeraktiwiteit se hoofuitkoms om beluistering te ontwikkel. Verskillende leeraktiwiteite, wat gepoog het om hierdie uitkoms te bereik, is aangebied. Die leerders se reaksie hierop, word vervolgens bespreek.

Die leerders moes aandui hoe hul oor luister in die algemeen, vrye beweging, besprekings, vergelykings en sprokies gevoel het. Die reaksie oor werke van drie komponiste, Bizet, Tchaikovsky en Saint-Saëns, is ook geëvalueer. Die leerders se reaksies word in Tabel 5-1 uiteengesit.

Tabel 5-1: Opsomming van die leerders se reaksie op aktiewe musiekbeluistering

				
Lokaal (G34)	10	0	0	0
Opvoeder/s	10	0	0	0
Aktiewe musiekbeluistering (in die algemeen)	8	1	1	0
Aktiwiteite:				
Luister na verskillende werke	10	0	0	0
Vrye beweging	8	2	0	0
Bespreking van werke	8	1	1	0
Vergelyking van werke	5	5	0	0
Musikale stories/stories	10	0	0	0
Komponiste: Bizet — Carmen	10	0	0	0
Komponiste: Tchaikovsky — The Nutcracker	9	1	0	0
Komponiste: Saint-Saëns — Carnival of the Animals	9	1	0	0
Kyk na DVD's	10	0	0	0
Totaal uit 120	107	11	2	0
Persentasie	89%	9%	2%	0%

In die geheel was die leerders baie positief teenoor aktiewe musiekbeluistering (89%). Al die leerders was tevrede met die lokaal. Hulle beskryf dit as “cool”, “great”, “nice” en “very good.” ’n Leerder beskryf ook die lokaal as “enjoyable and fun.” Die gunstige leeromgewing kon bygedra het tot die leerders se positiewe reaksie op aktiewe musiekbeluistering. ’n Verdere bydrae tot die positiwiteit, kan die leerders se gevoel teenoor die opvoeder wees. Die opvoeder word beskryf as aangenaam, besonders, gaaf, goed en vriendelik. Een van die leerders meen ook dat die opvoeder “beautiful” en “very charming” is.

Al die leerders het daarvan gehou om na verskillende werke te luister en het ook musikale stories/stories en DVD's geniet. Die meeste leerders het daarvan gehou om vrye bewegings op die musiek uit te voer en om die werke te bespreek. Slegs een leerder het die bespreking van werke negatief beleef. Die helfte van die groep het daarvan gehou om werke te vergelyk. Die res was onpartydig. Slegs een leerling het hierdie afdeling in die algemeen as ongunstig ervaar — heel moontlik oor die bespreking van die werke.

Die navorser het gemerk dat die leerders nie aktief betrokke was by die aktiewe musiekbeluisteringsessie oor Tchaikovsky [E AMB 2007 (2-6)] nie. 'n Gestruktureerde bewegingsoefening het leerders meer betrek. Uit die video-uitreksel [D AMB 2007 (2-6)] blyk dit duidelik dat die leerders die oefening geniet het. Almal glimlag en is positief na afloop daarvan. Die vaardighede wat ontwikkel is tydens hierdie oefening, word by die evaluering van vlak 2: leer in hoofstuk 6 bespreek.

5.3 EVALUERING: KLAWERBORDVAARDIGHEDE

Die leerders se reaksie op improvisasie, duette, imitasie en sing-en-speel is getoets. Leerders kon ook aandui hoe hulle gevoel het oor twee van die kort werke wat gereeld uitgevoer is. Die leerders is ook gevra om hul reaksie oor *hoe* hulle gevoel het met die vooruitsig om te leer klavier speel, hulle reaksie tydens klavierspel en ook na afloop daarvan, aan te dui. Tabel 5-2 dien as opsomming van die leerders se reaksies op hierdie onderrigleeraktiwiteit.

Tabel 5-2: Opsomming van die leerders se reaksie op klawerbordvaardighede

				
Lokaal (118)	9	1	0	0
Opvoeder/s	5	5	0	0
Klawerbordvaardighede (in die algemeen)	9	1	0	0
Aktiwiteite:				
Improvisasie	6	4	0	0
Sing-en-speel	9	0	0	1
Duette	9	1	0	0
Nabootsing	7	2	1	0
<i>Nkosi sikelel' iAfrika</i>	8	2	0	0
Skilpad (Saint-Saëns)	8	2	0	0
Hoe het jy gevoel toe jy besef jy gaan leer klavier speel?	8	2	0	0
Hoe het jy gevoel terwyl jy klavier speel?	8	2	0	0

				
Hoe voel jy nou oor klawerbordvaardighede?	8	2	0	0
Totaal uit 120	94	24	1	1
Persentasie	78%	20%	1%	1%

Sommige leerders het gevoel dat die lokaal klein en bedompig was. Die leerders het ten spyte hiervan steeds van die lokaal gehou, omdat hulle dit geassosieer het met die leer van “new things.” Klawerbordvaardighede in die algemeen is deur 90% van die leerders geniet. Die algehele gemiddeld (78%) word negatief beïnvloed deur die leerders se gevoel oor die opvoeders. Slegs vyf leerders het hul as aangenaam ervaar. Van die leerders meen dat die opvoeders te veel tyd in beslag geneem het met verduidelikings en dan was die leerders se tyd om musiek te maak, verminder. Verder beskryf sommige leerders die opvoeders as streng, dog vriendelik. Die leerders voel dat as die opvoeders streng is, dit goed is vir die bevordering van hulle leer. Dit is interessant om waar te neem dat een leerder voel die opvoeders is onverstaanbaar, terwyl ’n ander leerder meen die opvoeders verduidelik deeglik en is wel duidelik.

Improvisasie en nabootsing is nie soveel soos duette en sing-en-speel geniet nie. Die twee kort werke, *Nkosi sikelel' iAfrika* en Die Skilpad uit Karnaval van die Diere deur Saint-Saëns, is wel gunstig ervaar. Die leerders se reaksies voor, tydens en na afloop van klawerbordvaardighede het geensins verander nie. Die leerders meen dat klawerbordvaardighede prettig, maar moeilik is. Die moeilikheid, volgens hulle, kan oorkom word deur oefening: “practice bit by bit.”

Gedurende een van die klawerbordvaardighede kontakssessies is ’n video-opname van die leerders se uitvoerings gemaak. Die leerders was onbewus van die kamera en sodoende het die leerders meer spontaan gereageer. ’n Uittreksel uit hierdie opname kan besigtig word in bylaag D KV 2007 (2-6). Hieruit is dit duidelik dat die leerders die leeraktiwiteit aangenaam gevind het.

5.4 EVALUERING: KREATIEWE SPEL

Die leerders se reaksies op beweging (dans, vrye beweging, *mirror game*), skeppende aktiwiteite (gedigte toonset, maak van musiekvideo, eie kletsrym (*rap*) saamstel), geheuespeletjies, sang en blokfluitspel is bepaal. Hul reaksies word in Tabel 5-3 opgesom.

Tabel 5-3: Opsomming van die leerders se reaksie op kreatiewe spel

				
Lokaal (Oppibib)	10	0	0	0
Opvoeder/s	9	0	0	1
Kreatiewe spel (in die algemeen)	9	0	0	1
Aktiwiteite:				
Dans	10	0	0	0
Gedigte na musiek	9	1	0	0
Eie musiekvideo	10	0	0	0
Geheuespeletjies	10	0	0	0
Sang	10	0	0	0
Blokfluit speel	5	5	0	0
Vrye beweging	9	1	0	0
<i>Mirror Game</i>	8	1	1	0
<i>Rap</i>	8	2	0	0
Totaal uit 120	107	10	1	2
Persentasie	89%	8%	1%	2%

Die leerders het van die lokaal, die opvoeder sowel as kreatiewe spel in die algemeen, gehou. Die leeraktiwiteite wat die leerders die meeste geniet het, is dans, die maak van eie musiekvideo's, geheuespeletjies en sang. Om blokfluit te speel, het die minste aftrek gekry. Die leerders het ongelukkig nie veel skriftelike kommentaar oor kreatiewe spel gelewer nie, maar deur middel van foto's en beeldmateriaal kan 'n oorwegende positiewe gesindheid afgelei word.

Die volgende foto (Figuur 5-2) fokus op die leerders se gesigsuitdrukings en liggaamshoudings. Die leerders se gesigsuitdrukings dui aan dat hulle tevrede en gelukkig is, terwyl hulle liggaamshoudings ook spreek van positiwiteit en energie.



Figuur 5-2: Leerders se reaksies op kreatiewe spel

Die leerders het 'n kreatiewe opdrag gehad: hulle moes hulle ervarings van die afgelope jaar uitbeeld. Een van die groepe se plakkaat het duidelik getoon dat hulle dink musiek is pret (Figuur 5-3).



Figuur 5-3: 'n Gedeelte van die leerders se plakkaat

Die leerders se positiewe gesindheid kan ook in die musiekvideo's waarby hulle betrokke was, waargeneem word. Kyk Bylae D KS 2007 (2-6).

5.5 EVALUERING: LUISTERVAARDIGHEDE

'n Groot verskeidenheid uiteenlopende leeraktiwiteite is in luistervaardighede aangebied. Leerders het die geleentheid gekry om hulle reaksies op hierdie aktiwiteite te deel. Tabel 5-4 is 'n opsomming van die leerders se reaksies.

Tabel 5-4: Opsomming van die leerders se reaksie op luistervaardighede

				
Lokaal (122)	4	5	1	0
Opvoeder/s	7	3	0	0
Luistervaardighede (in die algemeen)	6	3	1	0
Aktiwiteite:				
Beweging	5	4	1	0
Hondjies op stokkies	7	1	2	0
Mandoza en balle	10	0	0	0
Cool like dat	8	2	0	0
Trappe	8	2	0	0
Vivaldi	9	0	1	0
Rhythm relay race	10	0	0	0
Solfa raaisels	7	1	2	0
Sang	9	1	0	0
Totaal uit 120	90	22	8	0
Persentasie	75%	18%	7%	0%


Sommige leerders se reaksies op hierdie onderrigleeraktiwiteit dui op dualiteit. Die een groep ervaar die lokaal as “boring,” die opvoeder as “she made me sleep” en die onderrigleeraktiwiteit in die algemeen slegs as “okay.” In teenstelling hiermee, hou sommige leerders baie van die opvoeder (“she’s a Good teacher”) en voel hulle “Very happy because I was learning interesting stuff”. Een van die leerders beskryf ook die solfa raaisels as “boring” omdat “it confused me”. ’n Ander leerder stel voor: “If we could maybe like have solfa riddles,” “some singing,” “vivaldi and many more.” Die leeraktiwiteite wat fisiese aksies meegebring het, is die meeste deur die leerders geniet (100%). Die helfte van die leerders was tevrede met bewegings (in hierdie geval ikoniese bewegings), terwyl 40% onpartydig was en 10% dit ongunstig ervaar het.

’n Alternatiewe metode om die leerders se reaksies te evalueer, was om hulle liggaamstaal waar te neem. Die leerders se liggaamstaal kan waardevolle inligting oor die leerders se voor- en afkeure weergee. Om gevolgtrekkings te maak oor ’n leerder se betrokkenheid tydens ’n kontakssessie, moet sy leerstyl ook verstaan word (kyk Figuur 5-4). Wanneer hy ’n visuele leerder is, sal sy hande meer in die omgewing van sy oë beweeg en sal hy in sy stoel terugleun (Dilts & Epstein, 1995:28&30). Liggaamstaal bestaan uit ’n aantal tekens en daarom moet ’n opvoeder bedag wees op ’n kombinasie daarvan. Alhoewel ’n visuele leerder terug sal leun in sy

stoel, sal hy steeds oogkontak behou. Wanneer 'n leerder egter oogkontak met die opvoeder vermy, kan dit op belangeloosheid en onoplettendheid dui (Miller, 2005:29). In die geval van die leerder op die agtergrond in Figuur 5-4, leun hy agteroor in sy stoel, maar stem sy houding ooreen met Miller (2005:49) se skets (Figuur 5-5) wat die verskil tussen argeloosheid en entoesiasme verduidelik. Aangesien sommige leerders in hulle kommentaar aandui dat die kontakssessies “boring” was, kan daar afgelei word dat die leerder onbetrokke en verveeld was. Oënskynlik het die leerders op die voorgrond aktief deelgeneem.



Figuur 5-4: Reaksie op luistervaardighede



Figuur 5-5: Die verskil tussen argeloosheid en entoesiasme (Miller, 2005:49)

5.6 EVALUERING: SKRYFVAARDIGHEDE

Hierdie aktiwiteit het geleentheid vir leerders geskep om hulle reaksies op skryfvaardighede aan te dui. Verwys na Tabel 5-5 vir die bestudering van die leerders se reaksies op skryfvaardighede.

Tabel 5-5: Opsomming van die leerders se reaksie op skryfvaardighede

				
Lokaal (122)	5	5	0	0
Opvoeder/s	9	0	0	1
Skryfvaardighede (in die algemeen)	5	2	2	1
Aktiwiteite:				
Eie komposisie	7	3	0	0
Ritmiese diktees	7	2	1	0
<i>Rhythm Dial</i>	7	2	1	0
Bestudering van partiture	5	5	0	0
Grafiese Notasie	6	3	1	0
Woordspeletjies	9	1	0	0
Solfa oorskakel na balknotasie	6	3	1	0
Verskillende terme leer	10	0	0	0
Notasieleer	7	2	1	0
Woordsoekraaisels	9	0	0	1
Totaal uit 130	92	28	7	3
Persentasie	71%	22%	5%	2%

Soos in luistervaardighede, vind leerders die lokaal, met min beweegruimte en onbeweeglike meubels, minder geskik vir leer. Die leerders was tevrede met die opvoeder, maar slegs die helfte het skryfvaardighede (in die algemeen) as gunstig ondervind. Die leeraktiwiteite wat spel en aktiewe deelname betrek het, is positief ervaar, terwyl die meer skriftelike werk as redelik en minder aangenaam beskou is.

5.7 EVALUERING: ALGEMEEN

Die evaluering in hierdie afdeling het betrekking op algemene aspekte in *Musikhane* en die *Musicianship*-subprojek. Die terugvoer op die reaksievorms word in tabelvorm opgesom. Die eksterne evalueerders se kommentaar en voorstelle word bespreek.

Die leerders het die algemene vrae oor *Musikhane* beantwoord. Hulle kon kommentaar lewer op die projek in die algemeen, die fasiliteite en die verversings. Die leerders se reaksie op die vrae was soos volg:

Tabel 5-6: Opsomming van die leerders se reaksie op algemene vrae oor *Musikhane*

				
Hoe voel jy as jy die konservatorium besoek?	10	0	0	0
Hoe voel jy oor <i>Musikhane</i> in die algemeen?	10	0	0	0
Hoe voel jy daaroor om in die bus te ry?	2	6	2	0
Dink jy die verversings is genoeg?	3	2	5	0
Hou jy van die vrugtesap wat tydens pouse bedien word?	3	7	0	0
Totaal uit 50	28	15	7	0
Persentasie	56%	30%	14%	0%

Alhoewel dit blyk dat slegs 56% *Musikhane* as positief ervaar het, is hierdie syfer hoofsaaklik te wyte aan die ontevredenheid oor die vervoer en gebrek aan verversings.

Die vrae wat oor die *Musicianship*-subprojek beantwoord is, het gehandel oor die koördineerder, die leerders se algemene gevoel oor die projek, die skedule, verbetering in hul skoolwerk en samewerking in 'n groep.

Tabel 5-7: Opsomming van reaksie op die algemene aspekte in die *Musicianship*-subprojek?

				
Hoe voel jy oor die koördineerder van die <i>Musicianship</i> -subprojek?	10	0	0	0
Hoe voel jy as jy dink aan die <i>Musicianship</i> -subprojek?	10	0	0	0
Hoe voel jy oor die skedule en 'vakke' wat aangebied word?	10	0	0	0
Het jou skoolwerk verbeter?	8	2	0	0
Dink jy dat jy nou beter kan saamwerk in 'n groep?	9	0	0	1
Totaal uit 50	47	2	0	1
Persentasie	94%	4%	0%	2%

Die leerders het die *Musicianship*-subprojek as baie positief ervaar. Hulle hou van die koördineerder, voel gelukkig as hulle aan die projek dink en beskou die skedule en die onderrigleeraktiwiteite as verreikend. Die meeste leerders meen hulle skoolwerk het wel verbeter ("I've improved very well in Arts and Culture about the notes") en dink dat hulle beter in 'n groep kan saamwerk. Die familie van 'n leerder voel ook dat die projek 'n veilige leeromgewing bied: "My parents say I am safe here."

5.7.1 Eksterne evalueerders se reaksie op die *Musicianship*-projek

Op 10 September 2008 en 4 Maart 2009 is *Musikhane* deur eksterne evalueerders geëvalueer. Slegs die kommentaar en terugvoer wat op die *Musicianship*-projek van toepassing is, word kortliks bespreek.

- Die evalueerders het 'n vraelys oor die projek ingevul. Die eerste afdeling het bestaan uit keusevrae. Die kommentaar oor die indruk van die leeraktiwiteite wat deel is van die projek, die evalueerders se indruk oor die uitkomste van die subprojek en die evalueringsmetodes is aangeteken.

○ Eksterne evalueerder A

Soos Figuur 5-6 aandui, het eksterne evalueerder A gevoel dat die projek se uitkomste swak gestel is, maar tog voel die evalueerder dat die uitkomste bereik is.

A4 Musicianship [Subproject 3]					
Question 14 : What is your impression of the activities that form part of this subproject?					
Good	X	Satisfactory		Poor	
Question 15 : What is your impression of the outcomes of this subproject?					
Good		Satisfactory		Poor	X
Question 16 : Do you think the outcomes of this subproject are reached?					
Yes	X	No			
Question 17 : What is your impression of the assessment methods used in this subproject?					
Good	X	Satisfactory		Poor	

Figuur 5-6: Uittreksel uit eksterne evalueringsverslag – Afdeling A: Evalueerder A

○ Eksterne evalueerder B

Eksterne evalueerder B het gevoel dat die assesseringsmetodes in hierdie projek meer formeel moet wees. Die navorser voel egter dat van die metodes wat voorgestel is, byvoorbeeld die skryf van eksterne eksamens of toetse, nie op hierdie stadium die beste vir die leerders is nie. In eksamensituasies word daar te veel klem op formele kennis gelê en die leerders se totale *musicianship* moet eers ontwikkel word.

A4 Musicianship [Subproject 3]					
Question 14 : What is your impression of the activities that form part of this subproject?					
Good	X	Satisfactory		Poor	
Question 15 : What is your impression of the outcomes of this subproject?					
Good	X	Satisfactory		Poor	
Question 16 : Do you think the outcomes of this subproject are reached?					
Yes	X	No			
Question 17 : What is your impression of the assessment methods used in this subproject?					
Good		Satisfactory	X	Poor	

Figuur 5-7: Uittreksel uit eksterne evalueringsverslag – Afdeling A: Evalueerder B

▪ Afdeling B

In hierdie afdeling het die evalueerders kommentaar oor die *Musicianship*-subprojek gelewer.

○ Evalueerder A

Die evalueerder het gevoel dat daar op die eerste dag van blokfluitspel, aandag aan tegniek geskenk moes word. Die leerders was egter so opgewonde oor hulle eerste instrumente dat daar besluit is om eerder te fokus op musisering. Die keuse van musiek is ook aangespreek, maar soos voorheen genoem is dit moeilik om te bepaal watter musiek deel is van die plaaslike gemeenskap. Die leerders kom uit verskillende kultuurgroepe. Die musiek waarmee die leerders identifiseer, is populêre musiekstyle en hierdie musiek is daarom gebruik.

B4	Musicianship
11.	This is a fresh creative approach to music education.
12.	In a first recorder lesson the emphasis should be on: • breathing techniques, sound production and posture and • on a success experience. Such a success experience is possible when one pure note is played with exciting accompaniment. However, without proper sound production all other efforts are futile.
13.	Learners should be exposed to music of the local community, their immediate environment, popular and only later global cultures. They should be able to identify with the music that they listen to.

Figuur 5-8: Uittreksel uit eksterne evalueringsverslag – Afdeling B: Evalueerder A

○ Evalueerder B

Die evalueerder was oor die algemeen positief oor die projek en verstaan ook die vereistes en probleme wat rondom klavierbordvaardighede kan ontstaan. Die evalueerder verwys na individuele aandag aan leerders. Dit is 'n aspek in die projek wat meer aandag moet geniet.

B4	Musicianship
8. I was given the opportunity to observe aural training and music theory classes. What impressed me immediately were the serious attempts at combining sounds and symbols as a matter of course using appropriate methods for the mental and physical understanding of note values and rhythmic patterns, for instance.	
9. I briefly observed how development of basic keyboard skills took place in a group situation using electronic keyboards with the assistance of capable student tutors. Naturally, individual attention to incorrect fingering and hand positions in such an environment was limited.	

Figuur 5-9: Uittreksel uit eksterne evalueringsverslag – Afdeling B: Evalueerder B

▪ Afdeling C

Die evalueerders se voorstelle is in hierdie afdeling beskryf.

○ Evalueerder A

C4	Musicianship
The outcomes could be more specific and measurable.	

Figuur 5-10: Uittreksel uit eksterne evalueringsverslag – Afdeling C: Evalueerder A

○ Evalueerder B

C4	Musicianship
- The various group activities were conducted with a clear outcomes based purpose. I do recommend that the monitoring of individual understanding and progress of the material in the syllabus can be more effectively controlled by means of a short written questionnaire or test at the end of a session perhaps. - I am aware that students are enrolled to write examinations for music examining bodies which is always a reliable gauge of students' understanding of the basic tenets for all music making.	

Figuur 5-11: Uittreksel uit eksterne evalueringsverslag – Afdeling C: Evalueerder B

Die eksterne evalueerders se reaksie op die projek kan as gunstig en positief beskou word. Die kommentaar wat hulle gelewer het, is waardevol vir die verbetering en uitbouing van die *Musicianship*-subprojek.

5.8 SAMEVATTING

Verskeie metodes kan aangewend word om leerders se reaksies te evalueer. Die mate van positiewe reaksie oor 'n projek, die opvoeders en die leeraktiwiteite kan die effektiwiteit van leer beïnvloed. In hierdie studie is reaksievorms gebruik om die leerders se persepsies oor die verskillende aspekte te bepaal. Foto's en beeldmateriaal is ook ontleed.

Die geskiktheid van 'n lokaal dra by tot stimulering of inhibering van leer. Die volgende lokale is vir die studie gebruik: 118, 122, G34 en Oppib. Oppib is 'n multi-media lokaal met 'n groot oop ruimte waar leerders vrylik kan rondbeweeg. Indien nodig, kan meubels verskuif word, terwyl 122 oor vaste meublement beskik en beperkte ruimte bied. G34 is kleiner as Oppib en beskik ook oor 'n oop ruimte en verskuifbare meubels. Lokaal 118 huisves twaalf klaverborde. Tabel 5-8 weerspieël die leerders se reaksies op die lokale waarin die leeraktiwiteite aangebied is.

Tabel 5-8: Reaksie op lokale

Lokaal	118	122	G34	Oppib
Positiewe reaksie	90%	45%	100%	100%

Die leerders het oor die algemeen goed saam met die opvoeders gewerk. Die terugvoer van die leerders beklemtoon die belangrikheid van opvoeders se invloed op leer. Die volgende terugvoer is belangrik vir opvoeders: oogkontak, persoonlike houding en voorkoms, vriendelikheid en dissipline. Die leerders voel ook dat verduidelikings minder tyd in beslag moet neem.

Leerders se reaksies toon aan dat aktiewe musiekbeluistering en kreatiewe spel voorkeur geniet. Beide hierdie aktiwiteite vind plaas in hulle gunstelinglokale. Soos verwag, het die skryfvaardighede-kontaksessie die minste aftrek by die leerders gekry. Die meer abstrakte benadering verskil van inheemse kennissisteme en skakel daarom moeilik aan by die praktyke wat aan leerders bekend is.

In hierdie studie is daar dus voldoen aan die riglyne wat Kirkpatrick (kyk 5.1.1) daarstel vir die evaluering van reaksie: daar is bepaal wat geëvalueer moes word; 'n reaksievorm is ontwerp; voorstelle en kommentaar is aangemoedig en 'n hoë terugvoersyfer is verkry. Alhoewel 'n positiewe reaksie nie *leer* waarborg nie, is dit tog bevorderlik vir *leer*.